

Maandag

Elke magswoord van God in Genesis 1 maak 'n einde aan elke god wat mense uit die skepping opmaak. Wanneer God sê laat daar lig wees, is lig net lig, nie gode van lig of duisternis nie. God maak die hemel en aarde plekke waar water versamel. Dit is nie gode se blyplek nie. God maak plante wat net plante is, nie muti met goddelike kragte nie. Planete is net planete wat lig gee, nie gode wat mense se lot bepaal nie. God maak visse, voëls en diere om net visse voëls en diere te wees, niks anders nie. Daarmee beëindig God alle toordery met bene, vere en velle asof dit goddelike kragte het. Daarom is die krokodille van die Nyl nie gode nie, het die bulle van Palestina nie goddelike vrugbaarheid nie, is die olifante en ape van Indië nie verteenwoordigers van goddelikheid en die binnegoed van diere nie boodskappers van die Romeinse ryk se gode nie. Op dieselfde wye skep God die mens in vers 26 om net mens volgens sy bedoeling te wees, nie gode met goddelike kragte, magte of lewe nie. Hierdie preek is beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za

Dinsdag

Genesis 1: 26, 27. Die bedoeling van die uitdrukking “beeld van God”, wil juis met die teenstelling van wie wie se beeld is, die waarheid oor wie die mens as mens is en wie God as God is, aandui. “Beeld” beteken dat God in sy raadsbesluit die mens ontwerp het om mens te wees soos Hy die mens bedoel het om te wees. “Beeld” beteken die mens is deur God gemaak en behoort aan God. In afgodsdienste skep mense 'n beeld van God en dan is God niks anders as hoe hulle Hom uitbeeld nie. Jes. 44. Dan is God hulle skepping en behoort Hy aan hulle. Hy is hulle s'n. Die mens is geskep om uit te beeld hoe mense is wat God gemaak het, nie om God se goddelikheid uit te beeld nie. Om soos God se goddelikheid te lyk word in Genesis 3:4 uitgewys as die diepste sondige drif in die mens. God het die mens gemaak om sy menswees te verbeeld soos God mense bedoel om te wees, maar mense wil God verbeeld met hulle persoon en lewe, sodat ander in hulle God se goddelike krag, lewe en wil kan raaksien, nie hul menslikheid nie. Om God te verbeeld vir ander om in jou raak te sien, is sonde, nie ware geestelikheid nie.

Woensdag

Genesis 1: 26, 27. God het ons sy beeld gemaak soos 'n skilder 'n beeld skilder van 'n Kremetartboom. Wanneer 'n skilder sy skildery uitstal en sê: “hierdie is my beeld”, dan kan dit nooit beteken dat hy lyk soos 'n kremetartboom nie. Dit beteken hy het 'n kremetartboom geskilder om 'n kremetartboom te wees en daarom is hierdie sý skildery, sy skepping, sy eiendom. Dit is absurd om die skildery te wil bekijk asof daar iewers in die kremetart die gesig van die skilder, uitgebeeld is. Hy het nie sy gesig soos 'n kremetart geskilder nie. Hy het 'n kremetart geskilder om 'n kremetart te wees. Dit is die bedoeling van die uitdrukking die mens is “God se beeld”. Die mens is hoe God mense maak om mens te wees volgens sy skeppingsontwerp. Daarom is die mens as mens, liggaamlik, en man en vrou, God se eiendom! Die mens is nie bedoel om iewers in of met sy liggaam of gees God se goddelikheid uit te beeld nie. Hy is gemaak om sy menslikheid te verbeeld soos God hom mens gemaak het.

Donderdag

Genesis 1: 26, 27. Ons is God se beeld. Hy skep ons volgens sy bedoeling: om volgens die wet van God volkome in ons liefde (heilig) en reg in ons liefde (regverdig) te wees. (Efe. 4: 24). God maak ons nie sy mombakkies nie. 'n Mombakkies is 'n uitbeelding van iemand anders wat jy oor jou gesig moet dra sodat mense daardie karakter en nie vir jou moet raaksien nie. Geestelikes maak mense draers van God se mombakkies! Hulle maak 'n uitbeelding van God om as mombakkies op te sit en te dra. So maak geestelikes van Jesus God se mombakkies. Jesus word die uitbeelding van God se innigheid, God se persoon, God se krag, God se versoening, God se inklusiwiteit en God se nie-rassigheid, en dan moet mense hierdie beeld van Jesus opsit en dra. Christene is nie God se mombakkies nie, hulle dra nie Jesus as mombakkies van God nie. Christus is self God en mens vandag, nie 'n uitbeelding van God nie. Hy bekleed ons met ons nuwe menslikheid om vir God heilige en regverdige mense te wees. Kol. 3: 9, 10.

Vrydag

Genesis 1: 26, 27. God het ons gemaak om mens te wees volgens sy bedoeling, nie om God se mombakkies te wees nie. Daarom is gelowiges gemaklik om in die skepping te ontdek hoe Hy ons mens gemaak het en in sy Woord te ontdek hoe Hy Skepper is. Ons is gemaklik deel van ons menswees soos God dit gemaak het, met al die miljoene jare waarin Hy ons so gemaak het. Alles dinge wat ons kan ken uit die nalatenskap van die mens in die aarde. Daarvoor eer en loof ons Hom. Wanneer jy glo God is net 'n mombakkies wat mense moet dra, Hom as God wil verbeeld, sal jy nooit God as jou Skepper kan ken nie en sal jy jouself ook nooit kan ken en herken as die skepping van God, uit sy skepping, uit stof nie. Dan kan jy kies om 'n liberalis te wees wat glo in "die natuur en natuurkragte" en is God vir jou net 'n mombakkies wat jou natuurlike drif om mens te wees, onderdruk. Dan moet jou "natuur" van God se mombakkies "bevry" word. Of jy kan net so maklik dan kies om 'n geestelike te wees wat met God se mombakkies op, nie wil sien of aanvaar hoe God mense deur evolusie gevorm het om mens te wees nie.

ds. Petrus Kriel